MAART 2011

Dinsdag 1 Maart 2011
Gebedsfokus op evangelisasie: Die Bybel op Saber
Wanneer daar op kortgolf of mediumgolf uitgesaai word, kan berge, valleie en die winterweer dikwels verhinder dat programme deurkom. Dit is ook die geval in KwaZulu-Natal (KZN) waar hierdie toestande ook soms voorkom. Voeg daarby die afwesigheid van elektriese krag en die moeite om batterye te bekom! *Transwêreldradio* (*TWR*) versprei tans Sabers aan luisteraars in KZN. Dit lyk soos 'n radio, maar benodig nie batterye nie. Die luisteraar kan die krag wat nodig is om die toestel te laat werk, self opwek deur dit op te wen. Die toestel hoef ook nie 'n sein te kan ontvang nie; hulle is gelaai met twee gigagrepe van *TWR*-programme. Na twee tot drie maande kan die Saber-toestelle teruggestuur word om nuwe inligting by te voeg.
Webwerf: http://www.twrafrica.org/0267.asp
Prys die Here vir hierdie verstommende toestel. Bid dat die luisteraars evangeliste sal word en die evangelie in die landelike gebiede in Suid-Afrika sal versprei. Bid dat kinders sal luister, glo en hoop sal kry.
Gebedsfokus op evangelisasie: VSA-kantoor van die *World Mission Centre*
Die kantoor in die VSA is verantwoordelik vir die stigting van die *Live School* program in Guiana, Suid-Amerika. Die kerk in hierdie land is nog jonk en het baie bemoediging en opleiding nodig. *Live School* is ideaal omdat dit mense in die Woord onderrig en hulle die visie gee om die onbereiktes te bereik wat in oerwoude en dorpies bly. Bid dat die kerk in Guiana sterk sal word in die Here. Bid dat God die *Live School* DVD-stel op 'n kragtige manier sal gebruik om mense in die Woord te onderrig en van hulle dissipels te maak en vir hulle 'n visie sal gee om die verlorenes te bereik.
World Mission Centre. Tel.: 012 343 1165 of faks: 012 343 1167.
Webwerwe: www.liveschool.org en www.worldmissioncentre.com of e-pos: chrissien@liveschoolsa.org of info@worldmissioncentre.com

Woensdag 2 Maart 2011
Gebedsfokus op volhoubare energie:
Wêreld se kragopwekkers kompeteer vir SA steenkool
Suid-Afrika voer ongeveer 25% van sy steenkoolproduksie uit, wat ons die wêreld se vierde grootste uitvoerder maak. As gevolg van Indië en China se ekonomiese groei (beide meer as 8% per jaar) het die uitvoerprys van steenkool gestyg tot 'n vlak wat hoër is as wat Suid-Afrika vir die opwekking van elektrisiteit sou betaal, en maak dit sodoende aantrekliker om dit op die uitvoermark te verkoop. Bid asseblief dat hierdie situasie nie nadelig sal wees vir ons huidige kragvoorsiening nie en dat Suid-Afrika verstandig sal beplan vir ons land se eie toekomstige behoeftes. Bid asseblief steeds vir die bou en die opgradering van die bestaande infrastruktuur, bv. spoorweë, sodat dit die ekonomie kan help waar daar behoefte aan verskillende produkte bestaan. Webwerf: http://www.esi-africa.com/node/11284 Bid dat die regering hom nie blind sal staar teen finansiële gewin uit groot maatskappye en ander lande op korttermyn nie, wat op die langtermyn groot nadeel vir ons land sal inhou.

Gebedsfokus op die nasies: Finland
'n Kwart van Finland se gebied lê noord van die Noordpoolsirkel. Ten spyte van 'n kort groeiseisoen is Finland selfonderhoudend ten opsigte van vleis, graan en suiwelprodukte. Sedert 1998 word Finland gegradeer as die land in die wêreld met die minste korrupsie. In April 2003 het die land sy eerste vroulike eerste minister aangewys, wat dit die enigste land in Europa maak met beide 'n vroulike president en 'n vroulike eerste minister. Dit is bemoedigend om te sien dat baie gebedshuise in Finland tot stand kom. Bid dat hulle met mekaar sal skakel. Vra vir die Here om geestelike vaders en moeders op te rig om die volgende generasie toe te rus en vry te maak, ook vir vrymoedigheid vir gelowiges om met mense buite die kerkmure te praat. Bid vir die predikante en pastore, dat hulle harte sal hê om die koninkryk te bou, en nie net binne hulle eie gemeentes nie.
Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/#/finland/4541109825
Bid dat hulle gesonde ekonomie ook ander lande tot voordeel sal strek. Bid dat Finland geestelik sal ontwaak en 'n seën vir die nasies sal word.

Donderdag 3 Maart 2011
2011 Gebedsfokus op landswye herlewing

Die hele Skrif is deur die Heilige Gees geïnspireer. Elkeen wat die Woord bestudeer, sal toegerus wees om die werk van God te doen, om in waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel, volkome voorberei en toegerus vir die werk wat God vir elkeen van ons gee om te doen (**2 Tim.3:16-17; 1 Pet.1:20-12**). Bid vir die herstel van die gesag van die Bybel in die kerk – dat mense hulle ondergeskik sal stel aan die Woord, die gesag van die Woord sal aanvaar en die Woord sal gehoorsaam. Vra God om deur die Heilige Gees mense op te wek om die Woord te lees en dit te gehoorsaam. Lees **2 Tim.3:16-17** en **1 Pet.1:20-21** aandagtig. Vra die Heilige Gees om vir jou die diepte en die belangrikheid van hierdie woorde oop te maak en hoe om dit in jou lewe toe te pas.

Gebedsfokus op die nasies: Bulgarye
Bulgarye, in Suidoos-Europa, word deur ruwe bergreekse oorheers en is een van Oos-Europa se lande met die kleinste bevolking. Die meeste inwoners woon in stede; ongeveer 83% is van die Grieks-Ortodokse Kerk en 12% is Moslems. In 1989 is die kommunistiese regering beëindig en het demokratiese veranderings begin. Bid asseblief dat elke inwoner van Bulgarye 'n persoonlike ontmoeting met die Here Jesus sal hê. Bid ook vir 'n uitstorting van die Heilige Gees op die Bulgaarse kerk en dat sy sal terugkeer na haar eerste Liefde en die boodskap onder ander sal versprei.
Webwerf: http://www.24-7prayer.eu
Daar is opwindende verwikkelings met betrekking tot 'n nasionale gebedsnetwerk. Bid dat dit sal uitbrei en sterk en volwasse sal word.

Vrydag 4 Maart 2011
Gebedsfokus op *die Wêrelddag van Gebed (GDOP- Global Day of Prayer)*
In baie stede, dorpe en townships in Suid-Afrika is daar op 23 Mei 2010 gebedsgeleenthede gehou waar Christene bymekaargekom het om te bid en die Here se Naam groot te maak. Die gebeure het gewissel van klein groepies wat by huise gebid het tot enkele groot saamtrekke waar duisende mense in gebed verenig het. Die volgende *Wêrelddag van Gebed* is reeds om die draai. Bid asseblief dat duisende mense in hierdie tyd tot God sal roep, sodat mense uit elke stam en taal en nasie saam sal kan bid in Sy Naam. *Wêrelddag van Gebed,* Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174.
Webwerf: http://www.globaldayofprayer.com/ of e-pos: info@globaldayofprayer.com

Gebedsfokus op evangelisasie: *Facebook* en *Twitter*
Omdat *Facebook* wêreldwyd in baie verskillende tale gebruik word, verskaf dit 'n wye reeks geleenthede vir interkulturele evangelisasie. Daar is talle opsies om die goeie nuus oor kultuurgrense heen met ander te deel.
Vir meer inligting besoek http://www.Internetevangelismday.com/facebook-missions.php en http://www.Internetevangelismday.com/twitter
Bid asseblief dat nuwe gebruikers van die Internet hierdie webwerwe sal ontdek en dat die Heilige Gees 'n begeerte in hulle sal wek om vrae oor Christus te vra. Bid ook dat nuwe gelowiges hierby baat sal vind en geestelik sal groei.

Saterdag 5 Maart 2011
Gebedsfokus op padveiligheid: *Highway Ministry Prayer Patrol*
Highway Ministry is 'n interkerklike bediening gerig op die vragmotor- en taxibedryf, asook op alle padgebruikers. Dit is 'n nie-winsgewende organisasie met 'n missie om die Woord aan alle padgebruikers te verkondig en die liefde van Jesus Christus in hulle harte te laat groei. Bid dat hierdie inisiatief goed gevestig en ondersteun sal word. Vra dat dit 'n instrument sal word om ware verandering in die gedagtes en harte van Suid-Afrika se padgebruikers teweeg te bring. Bid vir guns by ander rolspelers waar hierdie organisasie probeer om bande met bestaande programme te vestig en te versterk, soos bv. met "*Kom Veilig Daar"*. *Highway Ministry*. Tel.: 016 349 1996, faks: 086 502 8441 of e-pos: highwaymin@lantic.net

Gebedsfokus op die nasies: Rusland
Die Sowjet Unie is in 1991 na 'n mislukte staatsgreep ontbind. Die gevolg was die totstandkoming van Rusland en 14 onafhanklike republieke. In die meeste hiervan is daar Russiese minderhede, 'n totaal van ongeveer 20 miljoen. Rusland probeer om hierdie minderhede te beskerm, sy ekonomiese invloed op hulpbronne (soos olie) te behou, en met separatisme af te reken (soos in

Tsjetsjnië). Bid dat politici en regerings met integriteit en wysheid sal optree. Daar is sterk regerings in hierdie state nodig, nie regerings wat op outoritêre wyse regeer en die bevolking nie wil toelaat om op demokratiese wyse aan die regering deel te neem nie. Bid dat Vryheid om te aanbid en handel te dryf moontlik sal wees. Vra vir ekonomiese stabiliteit, aangesien die armoede en hopeloosheid waarin die meerderheid mense verkeer, aanleiding gee tot 'n ontstellende hoë vlak van misdaad, dwelmmisbruik, alkoholisme en selfmoord. Roep tot God om sy Gees op die kerk in Rusland uit te stort en herlewing te stuur wat letterlik miljoene mense in sy koninkryk sal intrek.
Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/

Sondag 6 Maart 2011
Die bidder se toegang tot die Troon van God (2) (verv. 27 Feb.)
Daar is Bybelse argumente soos: waarom jy met vrymoedigheid voor die troon van God mag staan en met Hom mag praat. Mense twyfel dikwels en is onseker of God hulle sal hoor as hulle bid. Hier volg nog vyf redes waarom jy met vrymoedigheid voor die troon van God kan staan en weet dat Hy jou hoor en sal verhoor.
Op grond van die bloed: **Heb.10:19-22** – *Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur Sy liggaam. En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het, laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid*. Op grond van God se eed: **Heb.6:17** – *En omdat God aan die erfgename van die belofte bo alle twyfel wou verseker dat sy besluit onveranderlik is, het Hy dit met 'n eed gewaarborg*. Op grond van God se karakter: **Num.23:19** – *God is nie 'n mens dat Hy sou lieg nie, 'n mens dat Hy van gedagte sou verander nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, iets belowe en dit nie uitvoer nie?* Op grond van ons priesterlike rol: **Op.1:6** – *Uit liefde vir ons het Hy ons deur Sy bloed van ons sondes verlos en ons Sy koninkryk gemaak, priesters vir God Sy Vader. Aan Hom behoort die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen*. Op grond van die Naam van Jesus: **Joh.14:13-14** – *Wat julle ook al in My Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word. As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.* (*Doelgerigte Gebed*, Bennie Mostert).

Maandag 7 Maart 2011
Gebedsfokus op redding: Spesialismagte in die bosoorlog
Baie mans het as spesiale troepe onder die ou regime gedien en verskillende take namens die regering uitgevoer. Twintig jaar later en met hulle dienste nou opgeskort, worstel baie nog steeds om 'n gewone lewe te lei en vrede te maak met die verlede. Talle beleef steeds die helder herinneringe aan die traumatiese situasies wat hulle deurgemaak het en die moeilike keuses wat hulle in die naam van die "land" moes maak, asook aan ander lewensbedreigende situasies. Dra hulle asseblief in gebed aan die Here op. Vra dat hulle volkome vergifnis, genesing en vrede in Christus sal vind en dat hulle lewens tans weer 'n doel sal hê om reg te maak wat verkeerd is. Vra die Here om deure vir hulle oop te maak om van Sy liefde te getuig, dat hulle werk sal kry en tot die welsyn van die land en sy mense kan bydra.
Mongoolse Christene wil kontak maak met ander gelowiges Mongolië is 'n ylbevolkte land met slegs 2,9 miljoen mense, van wie minder as 1% Christene is. As gevolg van die evangelisasie- en sendingbedrywighede van die Mongoolse kerk het daar reeds 300 huisgroepe reg deur die land tot stand gekom, en het hulle reeds sendelinge na vyf ander lande gestuur! Bid dat die Here meer leiers in die kerk en werkplek sal oprig wat Jesus as voorbeeld navolg en om nuwe gelowiges te leer om dissipels van Hom te wees.
Webwerf: http://www.mnnonline.org/article/14384

Dinsdag 8 Maart 2011
2011 Gebedsfokus op landswye herlewing
Bid vir 'n diep oortuiging van sonde in die harte van Christene. Daar is baie lou en teruggevalle Christene. Baie Christene leef vleeslike lewens, met geheime sonde en met harte wat nie volkome op God gerig is nie (**Gal.5:19-21**). Bid vir Christene vir 'n begeerte om vry te wees van die mag en besoedeling van sonde, van die oorheersing van die ou sondige natuur en harte wat 'n groter begeerte na die wêreld as na God het. Bid dat die Heilige Gees sal kom en mense van sonde sal oortuig, want wanneer die Heilige Gees kom, oortuig Hy van sonde (**Joh.16:8-11**).

Gebedsfokus op die nasies: Litaue
Etniese groepe: Litaus 84%, Pools 6,1%, Russies 4,9%, Belarussies 1,1%, ander of ongespesifiseer 3,9% (2009). Die Katolieke Kerk speel 'n sleutelrol in die samelewing van Litaue, maar het nog nie herstel na jare van isolasie en vervolging nie, en is nie voorbereid op die uitdagings van die 21ste eeu nie. Bid asseblief dat God herlewing in hierdie land sal gee om mense na Sy koninkryk te trek en die harte van gelowiges te verkwik wat jare lank al na Hom roep vir geestelike deurbrake. Vra 'n toename in Christelike radio-uitsendings, literatuur en Bybels. Bid dat die Here van die oes Sy gekose werkers na Litaue sal stuur. Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/ Bid vir die groei van die bestaande gebedsnetwerk in Litaue.

Woensdag 9 Maart 2011
Gebedsfokus op werkloosheid in Suid-Afrika
Suid-Afrika se werkloosheidskoers het in 2010 gestyg en dit bevestig dat hoewel die ekonomie besig is om te herstel, werkskepping steeds nie genoegsaam plaasvind nie. Die amptelike werkloosheidskoers het tot 25,3% gestyg, 'n nuwe hoogtepunt die afgelope vyf jaar. Die hoofoorsaak is werksverliese in die formele sektor, veral in die vervaardigingsbedryf, die tweede grootste sektor in die ekonomie. Die aantal werkloses staan tans op 4,312 miljoen, vergeleke met 12,742 miljoen werkende mense. Webwerf: http://www.ifr.sun.ac.za of e-pos: future@ifr.sun.ac.za Hou aan bid vir God se openbaring in die harte van Christene, dat hulle volhoubare nuwe ondernemings tot stand sal bring wat ook baie werksgeleenthede sal skep, asook vir nuwe regeringsinisiatiewe wat langtermyn oplossings sal bied.

Gebedsfokus op Noord-Korea
Noord-Korea staan bo-aan die lys van lande waar Christene vervolg word. Na raming is daar tans ongeveer 200 000 Noord-Koreane in die tronk, van wie baie vermoedelik Christene is. Godsdienstige gevangenes word dikwels strenger behandel as ander en moet die gevaarlikste werk doen - 'n poging om hulle te dwing om hulle geloof te laat vaar. As hulle weier, word hulle dikwels tot die dood toe gemartel. Diegene wat betrap word dat hulle bid, word ook geslaan en gemartel. Bid dat Christelike leesstof die beplande bestemmings veilig sal bereik. Bid dat die wat vervolg en gemartel word, getrou sal bly aan Jesus Christus. Bid vir 'n geestelike herlewing wat die nasie sal verander en die juk van onderdrukking sal verbreek.
Webwerf: http://www.mnnonline.org/article/14435

Donderdag 10 Maart 2011
2011 Gebedsfokus op landswye herlewing
Bid vir die kerk vir die doop met die Heilige Gees en met vuur (**Matt.3:11**). Vra God die Vader vir die krag van die Heilige Gees in die kerk. Mense soek na die krag van God, maar ons weet dikwels nie wat ons vra nie en ook nie hoe om onsself voor te berei vir die Gees van God om te kom nie. Wanneer die krag van God in 'n gemeente is, sal daar geen leë sitplekke wees nie. Waar God Sy Gees op gemeentes uitstort, begin mense heilig leef, en God begin kragtig werk. Dit lei tot die redding van mense en lidmate begin uitreik na elke vorm van menslike nood rondom hulle.

Gebedsfokus op die nasies: Slowenië
Slowenië het 'n sterk Katolieke tradisie. Die drie groot Christelike groepe (Katoliek, Ortodoks en Luthers) het egter min geestelike lewenskrag. Wydverspreide ateïsme en 'n toename in selfmoord en aborsies is 'n uitdaging vir die kerk se rol in die samelewing. Bid dat die talle naam-Christene in die ou gevestigde kerke sal ontwaak en tot persoonlike geloof in Christus sal kom. Die Sloweense Bybelgenootskap het pas 'n vertaling in die Sloweense taal voltooi. Bid asseblief dat hierdie Bybel effektief versprei sal word via skole en sekulêre boekwinkels, en ook in die gemeentes. Bid dat God Jesus aan elkeen sal openbaar wat hierdie nuwe Bybelvertaling begin lees. Webwerf: http://www.24-7prayer.eu

Vrydag 11 Maart 2011
Gebedsfokus: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*
Bid asseblief vandag vir al die personeellede (en hulle gesinne) van die *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*, en spesifiek vir hulle fisiese gesondheid, hulle veiligheid en vir beskerming teen geestelike verdrukking. Vra dat die Here nuwe deure sal oopmaak om gebed as 'n lewenstyl te

bevorder in alle sfere van die samelewing en Christene sal inspireer om na God te roep. Volhard in gebed saam met ons dat die gebedsleesstof sy bestemming sal bereik, veral die *Jerigo Mure Daaglikse Gebedsgids*, en vir die ontwikkeling van eenvoudige gebedsmateriaal wat deur kinders, jongmense en volwassenes gebruik kan word. *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*, Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 086 594 0565.
Webwerf: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com

Gebedsfokus op Kenia: Dowe kunstenaars illustreer Bybelverhale
Drie dowe Indiërs en een dowe Keniaan bestee ontelbare ure daaraan om die evangelie te teken om dowe mense te help om die gebaretaal-evangelie te onthou wat hulle op 'n DVD gesien het! Hulle teken 'n prentjie vir elke situasie of gebeurtenis in die Bybelverhaal. Een kunstenaar het so oor sy werk gepraat: "Ek moet oor die verhale nadink om hulle te kan teken. Dit maak dat ek baie nader aan die Here leef." Prys God vir die talent wat Hy hierdie dowe mans gegee het. Bid steeds vir hulle sodat hulle God se hart in gebaretaal kan weergee en dat baie dowe mense die Here Jesus sal leer ken. *Wycliffe Prayer Focus Bulletin*.
Webwerf: www.wycliffe.net of e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org

Saterdag 12 Maart 2011
Gebedsfokus op kinders: *Fetale-alkoholsindroom (FAS)*
Die huidige data toon dat ongeveer een miljoen kinders in Suid-Afrika aan verstandelike of fisiese gebreke ly as gevolg van *fetale-alkoholsindroom* (FAS). Die voorkoms daarvan in sekere gemeenskappe in die Wes-Kaap en Noord-Kaap is so hoog as 8,8% en 10,2% van geboortes onderskeidelik, vergeleke met 0,2% in die res van die wêreld. Fact a Day.
Webwerf: http://www.eighty20.co.za/databases/contact.cgi of e-pos: fact.a.day@eighty20.co.za
Dra jong moeders en hulle ongebore kinders in gebed aan die Here op. Vra dat Hy Homself aan hierdie jong moeders sal openbaar sodat hulle hulle lewenstyl heeltemal sal verander en goed vir hulle babas sal sorg. Bid vir die redding van jong mans en vroue wat nie ouers wil wees nie, maar die verantwoordelikhede van ouerskap moet aanvaar. Bid vir die oplossing van die probleem: die bevryding van mense wat substans-afhanklik is en vir genesing van die pyn van die verlede en omstandighede waar hulle geen hoop sien nie.

Gebedsfokus op die nasies: Denemarke
Die koninkryk van Denemarke is volgens sy grondwet 'n monargie. Dit sluit die selfregerende gebiede in, naamlik die Faroëreilande in die Noorweegse See en Groenland, die grootste eiland ter wêreld. Bid dat die Here Denemarke opnuut sal besoek, aangesien slegs 14% van die 90% van die bevolking wat tot die *Lutherse Volkskerk* behoort, die kerkdienste bywoon. Veral die jongmense is deur die heersende sekularisme en postmoderne samelewing beïnvloed, en het meer ontvanklik geraak vir geestelike uitdagings. Bid dat die Here hulle harte sal aanraak en hulle tot oorgawe aan die grootsheid van Sy Woord en liefde sal bring. Die "nuwe Dene", tydelike werkers en vlugtelinge in Denemarke, moet die evangelie hoor. Bid dat Deense Christene deur Sy Gees gedryf sal word om hulle geloof met hierdie mense te deel.
Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/

Sondag 13 Maart 2011
2011 Gebedsfokus op persoonlike herlewing
Jesus sê baie duidelik dat God die Vader die Heilige Gees vir ons sal gee as ons Hom vra om dit te doen (**Luk.11:13**). Paulus skryf in **Ef.5:18** dat ons vervul moet wees met die Heilige Gees. Uit hierdie vers is dit duidelik dat ons daagliks weer en weer met die Heilige Gees vervul sal word. In **Matt.3:11** lees ons dat Johannes die Doper sê dat Jesus ons met die Heilige Gees en vuur sal doop. Neem vandag hierdie drie Skrifgedeeltes, lees dit, oordink dit en bid dit. Vra God die Vader om jou met Sy Gees en vuur te doop, vir 'n daaglikse vervulling met die Heilige Gees. Soek die krag van die Heilige Gees, want daaruit vloei die hele Christelike lewe voort.

Maandag 14 Maart 2011
Gebedsfokus op redding: Studenteleiers
Die verkiesing van mense in leiersposisies by tersiêre inrigtings gaan met baie spanning en geskinder gepaard. Dit gebeur ook dikwels dat kandidate mekaar se karakter afkraak ten einde die posisie van primarius/primaria van 'n koshuis, voorsitter van die studenteraad, ensovoorts te bekom. Bid asseblief dat die jongmense wat integriteit het, onbeskaamd Jesus Christus as hulle Here sal bely. Bid dat die leiers by hierdie inrigtings 'n persoonlike ontmoeting met God sal hê en hulle lewens volkome aan Hom sal oorgee.

Bid vir Indië
Indië het verlede jaar baie onstuimige tye beleef. Die noordoostelike staat Bihar is deur ernstige oorstromings getref wat 3,5 miljoen mense geraak en baie haweloos gelaat het. Daar was hewige aanvalle deur Hindoe aktivistegroepe op Christengelowiges en Christelike kerke. Bid vir God se wysheid vir die hoofde van die regering, die polisie en teenterroriste-eenhede. Bid dat aanvalle op Christene geleenthede sal bied om van Christus en Sy liefde te getuig op so 'n manier dat selfs die aanvallers daardeur geraak sal word en hulle lewens aan Jesus Christus sal oorgee.
Webwerf: http://www.everynation.org/pages/news/pray-for-india

Dinsdag 15 Maart 2011
2011 Gebedsfokus op landswye herlewing
Een van die opvallendste dinge wanneer 'n mens die verhale van die groot herlewings in die geskiedenis lees, is die baie prominente rol van kinders en jongmense. Bykans sonder uitsondering was kinders en jong mense betrokke by gebed vir herlewing. Dit is baie bemoedigend om te sien hoe daar oor die afgelope 10 jaar 'n buitengewone gebedsontwaking onder beide kinders en jongmense is. Dit is 'n wêreldwye tendens. Bid dat hierdie bewegings steeds dieper sal groei en vir geestelike leiers om met groot wysheid en insig leiding te gee in hierdie gebedsbeweging.

Gebedsfokus op die nasies: Belarus
Die kernramp van 1986 by Tsjernobil in die Oekraïne, net suid van Belarus ("Wit Rusland") het eenderde van Belarus getref toe 70% van die bestraling sy gebied gekontamineer het. Die inwoners van Belarus ly nog steeds onder 'n hoë voorkoms van kanker en geboortedefekte, en ongeveer 25% van die gebied word as onbewoonbaar beskryf. Belarus het baie minder aandag van sendingorganisasies geniet as sy Slawiese bure, Rusland en die Oekraïne. Bid dat die Here van die oes langtermynwerkers sal stuur wat met 'n nederige hart en verstand in hierdie behoeftige land sal kom dien. Vra die Here om hierdie nasie vanjaar op 'n ongeëwenaarde wyse met herlewing te besoek. Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/

Woensdag 16 Maart 2011
Gebedsfokus op verlossing
Baie Zoeloefamilies, selfs Christene, steun nog steeds op kommunikasie met die voorvadergeeste om hulle te help met probleme of om aan hulle leiding te gee vir die toekoms. Dit gebeur veral by belangrike gebeurtenisse soos troues en begrafnisse. Baie vrees dat die voorvaders hulle sal straf. Kom ons bid dat hierdie mense God sal leer ken as hulle hemelse Vader wat vir ewig leef en hulle tot die ewige lewe sal lei. Vra dat hulle die stem van God die Vader self sal hoor. Marlene Cathey, tel.: 035 5620 500 of e-pos: sukkotcoffee@gmail.com

Gebedsfokus op die nasies: Spanje
Die Katolieke Kerk in Spanje beleef tans 'n ernstige krisis. Die verlies aan lidmate en invloed en die wydverspreide wantroue in dié kerk as instelling het 'n demoraliserende uitwerking. Bid dat die gees van slawerny en blindheid verbreek sal word en dat die geestelike vakuum wat tans deur sekularisme en materialisme veroorsaak word sal plek maak vir die vrymakende Waarheid en die suiwer Woord. Die gewenste terugkeer na 'n persoonlike verhouding met Christus namate godsdienstige vryheid toegeneem het, het nie plaasgevind nie. Bid vir herlewing om die teenwoordigheid van die okkulte, mediums, heksery, astrologie, parapsigologie en Satanisme uit te wis wat tans in Spanje op die voorgrond is.
Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/#/spain/4542587450

Donderdag 17 Maart 2011
2011 Gebedsfokus op landswye herlewing
James Edwin Orr, een van die mees ingeligte kenners van herlewing, skryf:
"History knows nothing of revival without prayer." Sonder gebed is daar geen herlewing nie. Daar is geen gevalle waar herlewing teruggevoer kan word na 'n individu nie; dit was gewoonlik minstens 'n groep gelowiges wat daarvoor gebid het. Wat ons in die eerste plek in die kerk nodig het, is 'n g**ebeds-herlewing**. Dit het min effek om met mense oor die belangrikheid van gebed te praat en te verwag dat hulle sal bid. Dit is deur gebed self waar ons vir 'n gebedsontwaking in die kerk bid, dat die Heilige
Gees mense tot gebed opwek. **Laat ons bo alles vir 'n gebedsherlewing bid!**

Gebedsfokus op Israel: Purimfees, 17-18 Maart 2011

Volgens die boek Ester was Hamman ‘n afstammeling van Agag, ‘n vyand van die Jode wat hulle in Persië (moderne Iran) wou uitwis. Vandag lyk dit of die geskiedenis homself herhaal. Bid en vas hierdie week en nader die Troon van Genade om die Vader te vra om hierdie volk deur die bloed van Sy Seun, Jesus Christus, te verlos. *Christian Friends of Israel*. Tel./faks: 012 361 1437. Webwerf: http://www.cfijerusalem.org/ of e-pos: allwiese@lantic.net

Vrydag 18 Maart 2011

Gebedsfokus op plaaswerkers

Na 13 jaar se harde werk en gebed begin daar iets gebeur onder die plaaswerkers by die *Waterval Bediening* in die Wes- en Noord-Kaap. Honderde werkers kom na Jesus en bly opgewonde daaroor om Hom te volg. Talle wat dissipels geword het begin ander bedien. Loof die Here wat ook die verhouding tussen werkers en hulle verhoudings met die boere herstel. Getuienisse van bevryding van verslawing, onsedelike gedrag en huishoudelike geweld is aan die orde van die dag. Hou asseblief aan met bid dat hierdie en ander soortgelyke bedienings hulle werk sal kan voortsit, dat hulle guns sal ontvang en dat nog baie meer mense die Here Jesus Christus sal leer ken. *Waterval Bedieningstrust*. Tel.: 021 887 3060.
Webwerf: www.watervalbediening.co.za of e-pos: waterval@mweb.co.za
Jesus het nie na die wêreld gekom om slegte mense in goeies te verander nie. Hy het na die wêreld gekom om dooie mense te laat leef! - Leonard Ravenhill

Gebedsfokus op Costa Rica

In Costa Rica is onlangs ‘n vroulike president verkies wat aktief pro-lewe en teen aborsie gesind is. Hoewel aborsie tans nog hier onwettig is, ondervind hulle internasionale druk om dit te wettig. Prys die Here dat Costa Rica nog nie aborsie gewettig het nie. Bid dat die nuwe president vas sal staan in haar oortuiging en nie voor internasionale druk sal swig nie. Vra dat Christenbedienings wat steun aan swanger vroue in die land verleen, hulle op die alternatiewe vir aborsie sal wys. Children at Risk Prayer News. Webwerf: http://www.viva.org/ of e-pos: pray@viva.org

Saterdag 19 Maart 2011

Gebedsfokus op geregtigheid: Aanlynstelsel om identiteitsbedrog te bestry

Suid-Afrika se *Departement van Binnelandse Sake* is besig met die inwerkingstelling van ‘n aanlynstelsel om identiteitsdokumente se egtheid te kan bepaal. Daar word verwag dat hierdie stelsel identiteitsbedrog in die land sal verminder. Die projek sal onder andere die *South African Social Security Agency*, banke, versekeraars en kleinhandelaars direkte toegang tot die *Home Affairs National Identification System* (*Hanis*) gee ten einde die identiteit van kliënte te kan verifieer.
Webwerf: http://www.sagoodnews.co.za/general/online_system_to_combat_id_fraud.html
Dank die Here vir die beantwoording van baie gebede in hierdie verband. Bid dat misdadigers aangekeer, aan bedrog skuldig bevind en effektiewe straf opgelê sal word.

Gebedsfokus op die nasies: Noorweë

Noorweë is in die noorde van Europa geleë en sluit die Arktiese eilande Svalbard en Jan Mayen in. Uit herlewing en vervolging is baie vrywillige organisasies, gebedshuise en groepe gelowiges binne kerkgemeenskappe gebore. Hulle speel ‘n groot rol in die bevordering van Christenskole, teologiese opleiding en sendingwerk in die buiteland. Bid dat die kerk en sy leiers toegewy mag wees aan Bybelse teologie en geloof. Bid ook vir verdere herlewing, veral onder die jeug. Bid vir die Saami in die verre noorde wat ten opsigte van taal en kultuur baie van die res van die land verskil. Daar is min toegewyde Christene onder hulle. Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/

Sondag 20 Maart 2011

2011 Gebedsfokus op persoonlike herlewing

Hoe lyk jou eie gebedslewe? Jou gebedslewe is ‘n weerspieëling van jou verhouding met God. Om te bid is om uitdrukking te gee aan jou verhouding met God. Baie van ons lei biddelose lewens, ‘n simptoom van ‘n oppervlakkige verhouding met Hom of dat daar iewers iets skort in jou verhouding met Hom. Ervaar jy biddeloosheid? Dit is nou tyd om ‘n keuse te maak om dit reg te stel. Maak die saak uit met God. Jy het meer nodig as net goeie voornemens om meer te bid. Vra God die Vader om Sy Gees van gebed en smeking in jou hart uit te stort (**Sag.12:10**). Dit is die Heilige Gees wat jou leer bid en help groei in jou gebedslewe (**Rom.8:26**).

Maandag 21 Maart 2011

Gebedsfokus op redding: Kapteins van sportspanne
Sport speel ‘n belangrike rol in die lewens van die mense in ons land. Bid vandag vir die kaptein van elke sportspan van wie jy weet, dat hulle ‘n persoonlike verhouding met die Here Jesus sal hê, Hom sal bely en ‘n nederige voorbeeld van ‘n ware leier sal stel. Bid dat Christenkapteins te alle tye met integriteit sal leef en nie omgekoop sal word of hulle aan enige vorm van verkeerde gedrag sal blootstel nie.

Gebedsfokus op mensehandel in Wes-Afrika
Mensehandel neem nie altyd die vorm aan van gedwonge prostitusie of kinderarbeid in plantasies en myne nie. Kinders in Wes-Afrika word by sokkerskole ingeskryf in die hoop dat hulle ‘n kontrak by ‘n Europese klub sal kan kry. Hulle families betaal dikwels tot soveel as € 5 000 vir ‘n proeftyd by ‘n onbelangrike Europese span, selfs al is die kind ooglopend nie goed genoeg nie. Hulle beland uiteindelik as onwettige immigrante in die strate van Europa. Ander kinders verlaat hulle ouerhuise onder die indruk dat hulle na sokkerskole of sokkerklubs toe gaan, maar word dan gedwing om in die myne en plantasies van Wes-Afrika te gaan werk. Die lewensverwagting van hierdie kinderarbeiders is baie kort.
Webwerf: www.ywam.eu/weeklyword
Bid dat die kinders wat hulle in hierdie omstandighede bevind, die geleentheid sal kry om Jesus Christus te leer ken en dat hulle uit hierdie skrikwekkende omstandighede bevry sal word.

Dinsdag 22 Maart 2011
2011 Gebedsfokus op landswye herlewing
‘n Noukeurige bestudering van herlewings oor die afgelope 300 jaar wys dat die Gees van God byna sonder uitsondering **klein gebedsgroepe** gebruik het om vir herlewing te bid. Aanvanklik ontstaan daar ‘n kleinerige gebedsgroep (3-5 mense). Daarna is daar ‘n vermenigvuldiging van gebedsgroepe. Dit groei meestal tot tientalle, of selfs tot honderde gebedsgroepe wat ‘n toenemende honger en dors na God ondervind. Een van die belangrikste dinge wat ons ter voorbereiding van herlewing kan doen, is om met gebedsgroepe te begin: binne gemeentes, in die sakesektor, ‘n paar vriende, jong mense en kinders wat saamkom om te bid.

Gebedsfokus op die nasies: San Marino
San Marino was oorspronklik ‘n stadstaat in die Middeleeue. Vandag beroem hy hom op sy besonderse munte, seremoniële wag en posseëls. Goedbewaarde kastele en ‘n asemrowende uitsig oor die Adriatiese kus betower 3,5 miljoen besoekers per jaar. Dank die Here vir die vredevolle geskiedenis van hierdie klein landjie op ‘n kontinent waar min lande die verwoesting van oorlog kon vryspring. Bid dat deure sal oopgaan vir elkeen wat God se roeping voel om met nuwe kerke in San Marino te begin. Die hele bevolking is Katoliek. Bid dat God se Gees deur hierdie nasie sal waai, dat die mense wat net in naam Christene is, die lewe in Jesus sal vind, en ‘n honger sal hê om Hom te ken en vir Hom te leef.
Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/

Woensdag 23 Maart 2011
Gebedsfokus op Suid-Afrika se invloed op die wêreldekonomie
Suid-Afrika se driejaartermyn as voorsitter van die *International Organisation of Supreme Audit Institutions (INTOSAI)* sal ons die geleentheid bied om gebeure te beïnvloed wat die wêreldekonomie raak. Dit is ‘n internasionale liggaam van ouditeurs in die openbare sektor, met 188 ledestate, (waaronder 50 Afrikastate) wat sal kyk na die waarde en voordele van ouditeursgeneraal te hê, die benadering tot ouditering, omgewingskwessies en volhoubare ontwikkeling.

Webwerf: http://www.sagoodnews.co.za/economy/bigger_voice_for_sa_in_world_economy.html?utm_source=feedburner&utm_medium=email&utm_campaign=Feed%3A+SAGoodNews+%28SA+The+Good+News%29

Bid vir geleenthede om bilaterale samesprekings met verskeie lande te voer oor kwessies soos bedrog en korrupsie, staatskuld en verhoogde afhanklikheid van ouditeurs-generaal.
Bid dat laasgenoemde die vrug van die Gees sal dra en mense sal beïnvloed om Bybelse beginsels na te volg.

Gebedsfokus op radio-evangeliese-uitreik
Twee van *SAT-7* ARABIC (‘n Christelike satellietnetwerk in die Midde-Ooste) se jongste

programme “Safari Service” en “Stand and Build” bring die evangelie direk aan *SAT-7* se kykers. In “Safari Service” ry ‘n bus met ‘n pastoor, Christenonderwysers, musikante en jongmense na afgeleë dorpies, hospitale en kinderhuise om die mense wat daar te bly, te seën. In “Stand and Build” verbind *SAT-7* mense met Christelike humanitêre hulpverleningsgroepe wat kan bydra om in hulle behoeftes te voorsien. *SAT-7*.
Webwerf: http://www.sat7.org/
Loof die Here vir hierdie twee programme wat help om in die geestelike, sielkundige en fisiese behoeftes van *SAT*-7 se kykers te voorsien. Bid vir blywende vrug en die geestelike groei van nuwe gelowiges.

Donderdag 24 Maart 2011
2011 Gebedsfokus op landswye herlewing
Bid vir die geestelike verdieping van **geestelike leiers**, vir ‘n intiemer verhouding met God, vir ‘n doop met die Heilige Gees en met vuur. Bid vir nuwe insig in die Woord, vir geestelike krag en gesag in hulle prediking en dat God self deur die Heilige Gees vir hulle boodskappe sal gee om te preek en ook vir geestelike vrymoedigheid om te preek. Vra vir manne en vroue wat heilig sal lewe en geen kompromieë sal maak wanneer dit by die Woord en die toepassing van Bybelse beginsels kom nie. Maak seker dat jy nie met veroordeling in jou hart bid nie. Moenie die geestelike leiers by God aankla nie. Die duiwel is die aanklaer van die gelowiges. Ons taak is om vir die leiers in te tree en nie om hulle te veroordeel nie.

Gebedsfokus op die nasies: Vatikaanstad
Die Vatikaanstad is op Vatikaanheuwel binne die grense van die stad Rome geleë. Die pous beskik oor volle wetlike, uitvoerende en geregtelike magte. Die uitvoerende gesag van die gebied is in die hande van ‘n kommissie van kardinale wat deur die pous aangestel word. Vanuit hierdie stad binne die stad Rome is die pous die bedienaar van ‘n kudde van meer as ‘n miljard Katolieke gelowiges. Die Vatikaan het diplomatieke bande met meer as 150 lande; dit reik paspoorte, munte en seëls uit, beskik oor ‘n radiostasie en uitgewery, en huisves ‘n afdeling Switserse Wagte. Bid dat God die lewens van alle mense in die Vatikaan persoonlik sal aanraak met ‘n openbaarmaking van kennis oor Jesus Christus. Bid dat daar ‘n herlewing in die hele Katolieke Kerk sal kom as gevolg van wat hier gebeur. Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/

Vrydag 25 Maart 2011
Gebedsfokus op die ekonomie: Indiensneming
Permanente indiensneming in Suid-Afrika het in Augustus 2010 teen ‘n jaarlikse koers van 2,4% vir die 18de agtereenvolgende maand gedaal.
Fact a Day. Webwerf: http://www.eighty20.co.za/databases/fad/fad.cgi of e-pos: fact.a.day@eighty20.co.za
Moenie verslap met gebed dat nuwe volhoubare ondernemings in ons land tot stand sal kom wat permanente werk vir die werkloses sal verskaf nie. Bid dat die werkloses na God sal roep as hulle Helper en Voorsiener, en van Sy goedheid in moeilike tye sal getuig.

Gebedsfokus op Japan
Japan is een van die mees tegnologies gevorderde lande ter wêreld, en tog ontbreek dit hom aan kennis van Jesus Christus. Bid asseblief dat baie meer Christenwerkers hulle lewe vir permanente diens in hierdie land beskikbaar sal stel. Bid dat God sy Gees op die Japannese sal uitstort, hulle sal opwek om Sy Naam aan te roep en die verlore toestand van hierdie volk spoedig sal omkeer. Kontak: Theo Badenhorst. Tel.: 021 591 1393/ 072 924 8424. Nassau Straat 73, Tygerdal. Goodwood, Kaapstad. E-pos: theomarlene@gmail.com

Saterdag 26 Maart 2011
SA navorsers ontwikkel ‘n “teesakkie” om water te suiwer
‘n Tipe “teesakkie” soos dié van ‘n kruietee wat tradisioneel gebruik is om water met ‘n geur te deurtrek, word nou gebruik om water te suiwer. Die sakkies is ontwerp om giftige stowwe op te suig wanneer dit in die nek van ‘n waterbottel geplaas word. Gemeenskappe wat nie oor watersuiweringsgeriewe beskik nie, sal dit kan gebruik om vuil water te suiwer. Elke sakkie behoort sowat drie Suid-Afrikaanse sent te kos.
Webwerf:
http://www.sagoodnews.co.za/science_technology/sa_researchers_create_tea_bag_to_purify_water.html?utm_source=feedburner&utm_medium=e-mai l&utm_campaign=Feed%3A+SAGoodNews+%28SA+The+Good+News%29

Dank die Here vir ‘n antwoord vir die verspreiding van gesuiwerde water in die land, veral hierdie kombinasie van goedkoop grondstowwe. Bid dat gemeenskappe hierdie metode spoedig sal aanvaar sodat baie lewens gered sal kan word. Vra ook dat dit ‘n beeld sal wees van die Here wat die mense se harte en gedagtes vir Hom kom reinig!

Gebedsfokus op die nasies: Ciprus

Die Grieks-Cipriotiese meerderheid (77% van die bevolking) is hoofsaaklik Christene, terwyl die Turkse minderheid Moslems is. Hoewel dit beide groepe vry staan om byeen te kom en te aanbid, word alle evangelisasie deeglik gemonitor. Bid dat die verhaal van Jesus sy weg oor elke versperring en beperking sal vind. Vra vir ‘n vreedsame oplossing vir die 50 jaar lange konflik tussen die noordelike en suidelike gemeenskap. Vanweë sy ligging gebruik baie Christenorganisasies Ciprus as ‘n basis vir hulle werk in die Midde-Ooste, maar slegs ‘n paar sendelinge is by plaaslike werk betrokke. Bid dat die Here werkers vir die oes in Ciprus sal stuur. Daar is ‘n klein groepie nuwe Christene in die Moslem noorde. Bid dat hierdie groepie teenoor hulle vriende en familie sal kan getuig en in hulle geloof sal groei!

Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/

Sondag 27 Maart 2011

2011 Gebedsfokus op persoonlike herlewing

In **1 Pet.1:16** sê die apostel Petrus dat ons heilig moet wees, want God is heilig. Om heilig te lewe en heilig te wees, is om ons aan God toe te wy, ons aan Hom oor te gee. Daar is ‘n diep weersin teen sonde, ongeregtigheid en alles wat vuil is in die lewe van ‘n persoon wat heilig lewe. Om heilig te lewe is om God die Heilige Gees toe te laat om die karakter van God in ons te vorm en te vestig. ‘n Heilige lewe maak nie ruimte vir sonde nie. Dis belangrik om te verstaan dat dit God in ons is wat ons help om heilig te lewe. Daarna is dit ons verantwoordelikheid om in ooreenstemming met dit wat God in ons gewerk het, te leef. Om heilig te leef is ‘n daaglikse keuse want ons bly onvolmaak, maar ons kan dit doen omdat God deur die Heilige Gees in ons lewe. Bid vir ‘n diep begeerte na ‘n heilige lewe. Die Woord maak dit duidelik: As jy God wil sien, leef heilig (**Heb.12:14**).

Maandag 28 Maart 2011

Gebedsfokus op redding: Ouderlinge en diakens

Dra elkeen wat hulleself beskikbaar stel om as ouderlinge of diakens te dien, in gebed aan die Here op. Bid dat hulle elkeen ‘n lewende en persoonlike ontmoeting met die Here Jesus sal hê en Hom ook met vrymoedigheid sal bely en oor Hom sal getuig waar hulle die Liggaam van Christus bedien. Bid dat hulle verantwoordelikhede nie vir hulle roetine of godsdienstige plig sal wees nie, maar dat hulle daagliks geleenthede sal soek om Christus wat ons Hoop is, te verkondig.

Gebedsfokus op die Buksa-volksgroep in Indië

Die Buksa het ‘n mondelinge kultuur van tradisionele liedere en stories. Daar is ‘n klein groupie wat in Jesus begin glo het. Bid vir ‘n inisiatief om God se Woord so gou moontlik in hulle taal te vertaal. Vra dat meer Buksa die Vriend sal leer ken wat nader as ‘n broer is, die Here Jesus Christus. *Wycliffe* Prayer Focus Bulletin. Webwerf: www.wycliffe.net of e-pos: jan_crowell@wycliffe.net

Dinsdag 29 Maart 2011

2011 Gebedsfokus op landswye herlewing

Een van die grootste redes waarom mense nie vir herlewing bid nie, is omdat hulle **nie meer weet wat God in die geskiedenis gedoen het** nie. Dit is so dat wanneer God in ons tyd herlewing sal gee, dit nie presies sal lyk soos die herlewings van die afgelope 300 jaar nie, maar daar sal verseker dieselfde kragtige werking wees. Die krag van God sal op ‘n ongekende wyse in die kerk sigbaar wees. Christene sal heilige lewens leef. Daar sal ‘n direkte uitreik na die sosiaal-maatskaplike nood rondom ons wees en Christene sal op elke vlak van die samelewing die beginsels van die Skrif uitleef en hulle lewens vir reg en geregtigheid gee. Omdat ons nie van God se groot dade in die geskiedenis bewus is nie en daarom tevrede is met kleiner oplewings en dikwels namaaksels van herlewing, beperk ons God met ons gebede omdat ons “te klein” bid.

Gebedsfokus op die nasies: Turkye

Die grootste stad in Turkye, Istanbul, het byna 13 miljoen inwoners en is die stedelike gebied in Europa met die derde grootste bevolking, na Moskou en Parys. Die berg Ararat, die rusplek van Noag se ark, is in Turkye geleë. Bid dat die Here in ‘n land met 77 miljoen mense herlewing onder die 3 000 Turkse gelowiges sal stuur. Bid dat die Turkse jeug meer en meer ontnugter sal raak met die Islam-godsdiens en Jesus as die Waarheid en Lewe sal ontdek. Bid vir die redding van ouers en liefde in gesinne, aangesien baie huise in

Turkye onder emosionele en fisiese mishandeling gebuk gaan. Turkye is een van die moeilikste sendingvelde in die wêreld. Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/

Woensdag 30 Maart 2011

Gebedsfokus op gesondheid: Nuwe twee-uur-TBtoets

'n Nuwe, akkurate toets wat maklik is om te gebruik, is nou beskikbaar om tuberkulose (TB) te diagnoseer, insluitend middelweerstandige vorme daarvan. Die toets neem minder as twee uur in beslag. Dit het die potensiaal om duisende lewens in ontwikkelende lande te red, waar huidige toetse dikwels onbetroubaar is, weke neem om te verwerk of eenvoudig nie beskikbaar is nie.

Webwerf: http://www.plusnews.org/Report.aspx?ReportId=90377

Prys die Here vir die antwoord op gebed op hierdie gebied. Bid dat mense gewillig sal wees om getoets te word en medisyne te gebruik om TB te voorkom en te genees. Hou aan met bid vir wonderbaarlike genesings wanneer gelowiges vir die siekes bid.

Gebedsfokus op verlossing

In sommige Zoeloe-gemeenskappe maak mense steeds op geestelike mediums staat vir leiding. Bid vir die redding van toordokters (*Izangoma*) wat deur mense besoek word vir antwoorde oor die toekoms en liefdesverhoudings. Bid vir die redding van kruiedokters (*Izinyanga*). Sommige tradisionele genesers beoefen bloot genesing, maar ander raadpleeg geeste om uit te vind watter medisyne voorgeskryf moet word. Bid asseblief dat hierdie mense 'n ware ontmoeting met die lewende Here Jesus Christus sal hê. Marlene Cathey, tel.: 035 562 0500 of e-pos: sukkotcoffee@gmail.com

Donderdag 31 Maart 2011

2011 Gebedsfokus op landwye herlewing

Daar word vandag baie klem gelê op leierskap, nuwe strategieë, nuwe kursusse, nuwe metodes ensovoorts. Al hierdie dinge is baie belangrik, maar nie een daarvan kan die **kragtige werking van God** voortbring of vervang nie. Wanneer die Heilige Gees van God werk, sien ons God se krag. Dit is presies wat oor en oor in die geskiedenis gebeur het. Laat ons bid dat God in Sy almag sal kom en kragtige werke onder ons sal doen. Hy verstaan as ons nie weet hoe om onsself voor Hom uit te druk nie, maar Sy Gees sal vir ons bid sodat ons gebede vir herlewing vir Hom aanneemlik sal wees.

Gebedsfokus op die nasies: Swede

Swede, wat die oostelike deel van die Skandinawiese Skiereiland beslaan, is die vierde grootste land in Europa. Daar word tans in baie verskillende groepe en kontekste gebid. Bid dat hierdie tendens sal toeneem en oor die hele Sweedse nasie sal uitbrei. Baie mense dink en praat oor doelgerigte Christelike gemeenskappe, en hoe om dit deel te maak van wat God besig is om in Swede te doen. Bid vir *24/7 Gebed* in Swede wat saam met die ander Nordiese nasies (Ysland, Noorweë, Denemarke en Finland) op God wag om uit te vind wat die volgende stap is. Webwerf: http://www.24-7prayer.eu/